KOM ONS BID SAAM

My huis = kerk

MAART 2018

Die uitdrukking van ‘n Christelike karakter
is nie om goed te doen nie, maar om soos Jesus te wees.
As die Gees van God jou van binne verander,
sal jy Goddelike karaktereienskappe in jou lewe vertoon,
nie menslike karaktereienskappe nie.
Oswald Chambers

1 Mrt - Do — Jesus, ons wil in U Voetspore loop – help ons om meer soos Jesus te wees.

10:00 Klub Ps 92:15 (ook 8, 15 en 22 Mrt)
Ons vra U seën op hierdie bediening, mag elkeen betrokke U liefde en vrede ervaar. Wessel en Caroline se tel nr 044/606 7156.

2 + 3 Mrt Vr - Sa — Getuienisfokusnaweek
Vader, gee ons asb ‘n passie vir siele – dat ons onverskrokke U Naam sal bely teenoor elkeen wat ons pad kruis. Wil Uself harde harte verander sodat elkeen U stem sal hoor, hul lewens vir U sal gee.

Wêreldbiddag vir Vroue
Dit is ‘n wêreldwye beweging van Christenvroue wat in die 19de eeu in die VSA en Kanada begin het. Hierdie jaar het vroue van Suriname die tema uitgewerk – God se hele skepping is baie goed.

Wêreldbiddag vir Mans
Laat die manne van Hartenbosgemeente hierdie geleentheid gebruik om saam te kom om U Naam te prys en bid.

4 Mrt - So — Hospitaalbearbeiding
Ons bid vir hierdie bediening dat U elkeen betrokke met krag en wysheid sal seën om pasiënte geestelik te bearbei en U Liefde teenoor elkeen sal uitleef. Maak elke pasiënt baie bewus van U teenwoordigheid en versorging.

5 Mrt - Ma Here Jesus, ons bid vir die regering:
Die President – lei hom asb deur U Heilige Gees met wysheid en insig, om die regte besluite te neem. Dat hy U sal ken en altyd U Wil sal soek en doen. Ons bid vir almal dat hulle so sal regeer dat U die eer sal ontvang. Ons bid dat U Naam die parlement sal vul.

6 Mrt - Di Seën ons asb by die Bybelskool – dankie vir hierdie geleentheid om meer van U te leer. Dankie dat U die goeie werk wat U in ons begin het enduit sal voer. Ons bid vir Ds Willem vir U wysheid en leiding.

7 Mrt - Wo Ons bid vir Hugo en Jakkie van AWM. Hugo het in Januarie krisis bestuur in Londen gedoen saam met medewerkers uit Afghanistan. Hulle is dankbaar vir vrug op hulle werk onder moslems. Hulle is ook betrokke by uitreike na Yemen. Baie staar hongersnood in die gesig en humanutêre hulp word verleen. Bid asb vir die einde van die oorlog en die bekering van moslems.

8 Mrt - Do Dankie Jesus vir reën wat U vir ons gestuur het. Ons oë bly net op U gerig vir U Voorsiening. Laat ons damme asb vol word, ons prys U as die Gewer van alle goeie.

9 Mrt - Vr 09:30 Biduur Versorgingsoord
Ons dra elke bejaarde aan U op en bid dat elkeen U liefde en nabyheid sal ervaar. Ons bid vir die personeel dat U ook vir hulle sal voorsien met krag en wysheid en dat hulle met liefde na die inwoners sal omsien en versorg.

10 Mrt - Sa Van vandag tot 16 Maart vind CV Wêreldkonferensie in Kuala Lampur in Maleisië plaas. Nic en Tina verteenwoordig Madagaskar. Ons bid vir U nabyheid en beskerming vir hulle. Seën hulle asb met goeie gesondheid en krag en dat hulle U stem sal hoor wat hulle lei in hul bediening.

11 Mrt - So Streekeredienste
Dankie dat ons in ons streke bymekaar kan kom rondom U Woord, maar ook om mekaar te bemoedig en U liefde uit te leef. Leer ons om mekaar te ondersteun en lief te hê. U Woord leer ons die wêreld sal weet dat ons U dissipels is as ons liefde onder mekaar het.

12 Mrt - Ma Kobus en Ronel doen sendingwerk in Zambië. Hulle beleef tans groot hartseer en trauma nadat hulle kleinseun, Aziel (3 jr oud) einde verlede jaar in ‘n swembad geval het. Aziel is in ‘n rehabilitasiesentrum besig met rehabilitasie. Bid asb vir volkome herstel vir hom en krag en geduld vir sy grootouers en ouers. Dankie dat U die Groot Geneesheer is.

13 Mrt - Di Ons bid vir ons komende basaar op 7 April. Baie gemeentelede is besig met voorbereidings. Seën elke poging en gee asb ‘n gees van samewerking tussen ons. Ons bydraes is ‘n offer aan U, uit dankbaarheid vir alles wat ons uit U Hand van oorvloed ervaar.

14 Mrt - Wo <u>Ons dra vir Stephan en Carina aan U op wat sendingwerk in Japan doen</u>. Ons bid vir hulle kinderbediening, dat U dit sal seën en ook in die Japanese jeug se harte sal werk om U stem te hoor. Ons bid vir hulle vir krag, goeie gesondheid en Stephan se werk by die kweekskool.

15 Mrt - Do Daar is 'n ernstige tekort aan medisyne en noodsaaklike mediese toerusting, gekwalifiseerde dokters en verpleegsters. Bid asb vir 'n oplossing vir die opgradering van basiese toestande in alle gesondheidsorgfasliteite in SA. Ons bid dat meer personeel opgelei en in diens geneem sal word om in die groeiende behoefte te voorsien.

16 Mrt - Vr Vader, dankie dat ons vandag spesiaal vir ons kinders kan bid. Ons vra dat U ouers, grootouers, onderwysers en kategete sal seën en toerus om ons kinders na Jesus te lei en om hulle lewe volgens U riglyne in te rig (Ps 119:9).

17 Mrt - Sa Dankie dat ons vandag vir ons leraars, kerkraad en ander leiers kan bid:
(a) Vir gehoorsaamheid aan die leiding van die Heilige Gees.
(b) Vir Goddelike wysheid en insig om die gemeente reg te lei en te bestuur.
(c) Vir beskerming teen misleiding en aanslae van die vyand – persoonlik en ook wat hulle gesinne betref.

18 Mrt - So <u>Sesde Lydensweek</u>
Mag lidmate wat meegedoen het aan die afgelope klompie weke se vas, selfondersoek en toewyding, gedurig herinnner word aan Jesus se groot offer en liefde vir ons en mag ons onsself opnuut verbind om in die voetspore van Hom die gekruisigde te loop.

19 Mrt - Ma Ons bid dat al meer gemeentelede die krag en potensiaal van gebed sal ontdek en beoefen en dat die vlak en intensiteit van gebed sal toeneem onder lidmate. Maak ons asb 'n biddende gemeente.

20 Mrt - Di Vader, ons dra ons leerlinge, studente en onderwyspersoneel aan U genadetroon op. Seën hulle asb wanneer hulle besig is met toetse en eksamen. Rus hulle toe met kalmte, wysheid, deursettingsvermoë en ywer en seën ook hulle ouers.

21 Mrt - Wo <u>Menseregtedag</u>
Ons bid dat alle byeenkomste vandag kalm en rustig sal verloop. Help ons om die voorregte wat ons geniet ten beste te benut en waardeer.

22 Mrt - Do <u>Madagaskar Sending</u>
Nic en Tina berig die volgende:
1) Dit gaan beter met hulle gesondheid.
2) Hulle is besig met die administrasie van 15 nuwe pioniers in Fort Dauphin.
3) Dat nuwe werkers in die veld hulle oë op Jesus sal hou en alleen Sy wil sal soek en nie hulle eie nie.
4) Hulle sal terugvoering gee oor die Wêreldkonferensie.

23 Mrt - Vr Here, ons kom vandag in diepe afhanklikheid na U toe en vra dat U ons sal verlos van ‘n lewe van “ooraktiwiteit” en ‘n sieldodende gejaagdheid sonder diepte. Mag ons tyd maak om meer dikwels aan U voete te sit – soos Maria van ouds (Luk 10:38-42).

24 Mrt - Sa Ons bid dat lidmate vandag tyd sal inruim om stil te word en hulle sal instel om die laaste lydingsweek in te gaan. Seën asb alle Woordverkondigers in hulle “stilword” en voorbereiding vir môre se Eredienste.

25 Mrt - So Sewende Lydingsweek
Vader, ons vra U seën op vandag se Erediens – dat alles wat ons doen – stilword, lofsang en aanbidding, U Naam sal grootmaak. Mag ons met groot piëteit en nederigheid Jesus volg op Sy laaste treë na Golgota.

Sinodale Offer : Badisa
Hierdie is ‘n geloofsgebaseerde, nie-winsgewende organisasie wat maatskaplike dienste lewer aan kinders, families en bejaardes en gestremdes. Ons Versorgingsoord is ook deel van Badisa.

26 Mrt - Ma Ons roep hierdie dag in herinnering, toe Jesus die tempel gereinig het en dink aan Ps 69:10 “die ywer vir U huis, het my verteer” en besef ons Hy word verteer sodat ons kan lewe. Kom ons dank Hom opnuut hiervoor.

27 Mrt - Di Mag ons op hierdie dag opnuut herinner word aan Jesus se uitspraak oor die Koringkorrel wat moet sterf en ons opnuut toewy aan Hom wat vir ons gesterf het. (Lees Joh 12: 20-26)

28 Mrt - Wo Skole Sluit
Mag almal wat reis veilig by hulle bestemmings kom en mag die kort “wegbreek” vir leerders en onderwysers tot groot seën wees.

29 Mrt - Do Pasganagmaal (16:00 – 20:00)
Ons vra dat hierdie baie besondere Nagmaal vir lidmate tot groot seën sal wees en die instelling van die Nagmaal in herinnering roep – toe die Gasheer waarlik die brood en wyn geword het.

30 Mrt - Vr Goeie Vrydag
Ons dank U Vader, dat hierdie “swart Vrydag” uiteindelik ‘n “Goeie Vrydag” geword het – toe Jesus (ons Paaslam) vir ons geslag is, sodat ons vir altyd kan leef.

31 Mrt - Sa Mag ons, te middde van ‘n vakansiegees, tyd maak om te dink oor die graf waarin Jesus se liggaam was – wagtend op God se almag en wonderwerkende krag.

‘n Opregte Christen se geesdrif vir die Here behoort so uitbundig te wees
dat dit ander sal aanvuur in plaas daarvan om deur wêreldse invloede uitgedoof te word.
Henrietta C Mears